

Koring *fokus*

Wheat *focus*

VOL 33.4

JULIE • AUGUSTUS 2015

**IN MEMORIAM:
Dr Bart Lombard**

**Price response
to increased import tariffs**

Weerstand by wilde bokwiet onderzoek

Landini

Landforce

Kragtige, ekonomiese werkverrigting kom standaard met 'n:

Landini Landforce 115 (82 kW)
OF
Landini Landforce 125 (88 kW)

TIER 3

ENJIN OMGEWINGSTANDAARDE



Die Landini Landforcereeks is toegerus met die betroubare **B-Power** 4 silinder enjins in lyn met **TIER 3** omgewingstandaarde. Die enjin is gekombineerd met 'n sterk meganiese ratkas en verskaf uitstaande werkverrigting, algemene effektiwiteit en meer werksure. Elektro-hidrouliese kragaftakker maak die gebruik daarvan baie maklik en verseker gladde inwerkingstelling van implemente. Elektro-hidrouliese 4WD ewenaarskakeling verbeter operateursgemak en aandrywing. Hyskapasiteit en dryflynkrag maak die Landini Landforce bruikbaar vir 'n wye reeks van toepassings soos: grondbewerking of spuitwerk.

Hoofkenmerke:

- Enjin karaktereienskappe, maks. wringkrag en wringkragreserwe - beter werkverrigting
- Elektro-hidrouliese kragaftakker - maklike werking
- Kruiprat - gespesialiseerde take kan gedoen word
- Elektro-aangedrewe ewenaarslot - positiewe aanwending
- Elektro-aangedrewe 4WD - operateursgemak
- 'n Keuse van oop of geslote hidrouliese stelsel
- Tweespoed kragaftakker, veranderbare kragaftakkeras (6 of 21 gleufas) - veelsydigheid van die trekkers
- Uitstekende hyskrag - hanteer groot implemente
- Goed gebalanseerd en maneuvreerbaar - maklik om te bestuur



Hidrouliese-sisteem

Die Landforce 125 is beskikbaar met 'n geslote hidrouliese-sisteem en elektroniese hysstelsel en pompvloeiempo van 90 ltr/min en is ook beskikbaar met 'n oopvloei hidrouliese-sisteem en pompvloeiempo van 66 ltr/min.



Gemaklike platformuitleg

Die plat vloer platformuitleg, ergonomiese-kontroleuitleg en gerieflike sitplek sorg vir 'n aangename bestuursfunksie

SIEN GERUS U NAASTE HANDELAAR VIR MEER INFORMASIE OF KONTAK:
HOOFKANTOOR: 011 914 1700, KAAPPROVINSIE: 011 914 1700, LIMPOPO /
MPUMALANGA: 079 211 2506, VRYSTAAT / NOORDWES: 082 879 9550,
KWAZULU-NATAL / OOS-KAAP: 082 907 4336

Webblad: www.argosa.co.za. Epos: landini@argosa.co.za


ARGO Industrial (Pty) Ltd.



VOORBLAD

Die verhoogde invoertarief kan dalende aanplantings help stuit, maar vele ander faktore speel steeds 'n rol.

Koringfokus / Wheat Focus verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraaninstituut; SA Graaninligtingsdiens; Wintergraantrust & SA Graanlaboratorium.

Gratis beskikbaar aan *bona fide*-kleingraanprodusente



MEDIAKOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552

Tel: 018 293 0622

Faks: 086 606 5719

E-pos: mediacom@intekom.co.za
www.mediacomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw

ADVERTENSIES: Jana Greenall
- 011 476 3702

UITLEG: Mercia Venter
Studio Chatnoir - 083 468 2075

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die bemerkingswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

Koringfokus Wheat focus

VOL 33.4

JULIE • AUGUSTUS 2015

REEDS 33 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY
FOR THE PAST 33 YEARS



AGRI-INFO

- 4 Wesgraan neem nuwe saadaanleg in gebruik
- 4 Koring se verhoogde invoertarief bied beskerming
- 8 In memoriam: Dr Bart Lombard
- 11 Slim boere voltooi Graanakademie se kursus
- 12 Emerging barley farmers in sustainable agri programme
- 16 "Farming smarter is the future of agriculture"
- 18 Five insurance nightmares that keep business owners awake at night
- 20 Beurtkrag: Bykomende maatreëls
- 21 SAGIS jaarvergadering
- 24 Nuwe perseelplanter vergemaklik US-navorsing
- 24 Swartland en Suid-Kaap afsonderlik in kanolakompetisie
- 24 Plaaslike oliekoek steek invoer verby
- 30 ARC in partnership for Africa's food systems
- 30 Agri SA brei kundigheid op bestuursvlak uit
- 30 Wessel Lemmer skuif na Absa-landbou
- 30 Mielies beter voorbereid vir droogte



KLEINGRAAN

- 10 Verdagte weerstand by wilde bokwiet in VS ondersoek
- 14 Russiese koringgluis: Só beïnvloed verspreiding die koringproduksie
- 22 Navorsing oor uitloop in koringare het risiko verminder



MARKET-INFO

- 5 Why has South African wheat prices not respond to increased import tariffs?
- 6 Plantvoornemens vir 2015 wys koring bly stabiel
- 7 Final production and area figures for 2014 season
- 26 SAGIS: Koringmarksituasie
- 28 SAGIS: Gars, hawer en kanola se marksituasie



16

Farming smarter



22

Uitloop in die aar



24

Perseelplanter vir US



Wesgraan se nuwe saadaanleg op Malmesbury waarmee saad van gehalte voorsien kan word.

Wesgraan neem nuwe saadaanleg in gebruik

Wesgraan, 'n afdeling van Kaap Agri, het die afgelope seisoen 'n nuwe saadverwerkingsaanleg op Malmesbury in gebruik geneem. Die nuwe aanleg se ontstaan kan tot 1915 teruggevoer word en hou verband met die eerste saad-aanleg vir koring wat in 1970 opgerig is.

In 1915 verkoop Westelike Graan Boeren Ko-operatiewe Vereniging (WGBKV) 12 000 sakke koring van produsente wat as die begin van aankope, verkope en opberging van graan in Kaap Agri se gebied beskou kan word.

Graanproduksie het daarna uitgebrei

en kort voor lank moes die graanboere die uitdaging van inteling van saad en die gevolglike agteruitgang in gehalte te bowe kom. Die boere het tydens oestyd van hulle eie koring vir saad teruggehou. Dit het inteling tot gevolg gehad, wat noodwendig die gehalte van die saadkoring nadelig beïnvloed het.

Die voorsiening van gehalte saad was 'n knelpunt waarvoor die Koöperasie 'n oplossing moes vind en in 1924 nader Elsenburg die direksie van WGBKG met die versoek dat sy lede graansaad moes kweek met die oog op die verbetering daarvan. 'n Saadvermeerderingskema is ingestel en moedersaad is van die Koringraad bekom wat aan lede verskaf is om te vermeerder. Dit was die begin van die Koöperasie se betrokkenheid by saadkweeking en -verwerking. In 1970 is besluit om die eerste massa-installasie vir

saadkoring op Malmesbury op te rig.

Vandag is Wesgraan betrokke in die verwerking van ongeveer 80% van alle koringosaad wat in die gebied geplant word. Dit het in 2014 aanleiding gegee tot die besluit om hierdie uitgediende aanleg op te gradeer.

Die opgradering het behels dat die ou aanleg heeltemal afgebreek en vervang is met nuwe toerusting wat 'n Cimbriaskoonmaker en Indent en drie AG Foodgravitasietafels insluit. Die nuwe aanleg is op 20 Februarie 2015 in gebruik geneem.

Die opgradering van die saadaanleg beteken dat Wesgraan kan voortbou op sy reputasie as voorkeurverskaffer van uitstekende gehalte koringosaad aan die koringprodusent. Die saadaanleg op Malmesbury word deur Bouwer Rall en sy personeel bedryf. ♣

Koring se verhoogde invoertarief bied beskerming

'N DALING IN die internasionale prys van koring (VSA2 HRW) het meegebring dat die koringinvoertarief bykans verdubbel het. Dit bring welkome beskerming vir Suid-Afrikaanse boere en kan die daling in aanplantings help stuit.

Die Kommissie vir Internasionale Handelsadministrasie (Itac) het die invoer-

tarief op 19 Junie 2015 van R461/ton tot R800,10/ton verhoog. Dit het gevolg nadat die vry-aan-boord-prys van Amerikaanse harde, rooi winterkoring (VSA2 HRW) in drie agtereenvolgende weke gedurende April en Mei vanjaar met meer as \$10/ton onder die basisprys van \$254/ton gedaal het. Ná die aanpassing

is die basisprys nou \$227,67/ton.

Suid-Afrikaanse boere kan koring nie volhoubaar produseer indien internasionale pryse tot laer as die verwysingsprysvlak daal en koring ingevoer word nie. Die invoertarief beskerm plaaslike produsente teen dalings in internasionale pryse. ♣

Why has South African wheat prices not respond to increased import tariffs?

Producers should either be compensated for higher quality wheat or be allowed to produce lower quality wheat that is linked to higher yields

Although wheat import tariffs are a step in the right direction and might have a benefit for producer competitiveness, the reasons why producers aren't competitive in the first place must be identified and, if possible, addressed.

Johnny van der Merwe
AGRICULTURAL ECONOMIST,
POTCHEFSTROOM CAMPUS,
NORTH-WEST UNIVERSITY

One of the reasons why producers are not competitive are the fact that local wheat producers are subjected to a cultivar release criteria, meaning that they are only "allowed" to produce a certain quality of wheat. It must be mentioned that although this is not a regulation, the reality of the situation is that buyers will only accept produce if it appears on this list (*known as the 'cultivar list' – Editor*). This forces producers to produce these cultivars with the alternative not having a market. The fact that wheat has the defect of conversion (i.e. loses yield while quality improves) means that high prescribed qualities will negatively affect the competitiveness of producers through lower yields. In a perfect competitive market, higher quality wheat would receive higher prices which will compensate for the loss in yield. Producers' competitiveness would thus not be affected in a negative way.

However, the international environment plays an important role in the South African wheat industry through imports. This means that local prices are determined by the lowest import parity price and not the quality. The fact that the wheat price determining system in South Africa lacks to incorporate the differences in quality of locally produced and imported wheat, means that the

South African wheat price is determined by the lowest imported wheat price in a given year, which is often associated with the lowest quality.

In fact, in a study on the competitiveness of the wheat industry in South Africa, it was reported that local wheat prices are determined by an inferior quality of wheat. This means that local producers are "forced" to produce a higher quality wheat with relatively low yields while receiving a price associated with the quality of wheat that is being imported.

For improved competitiveness, it is crucial that the prescribed qualities are brought into line with the qualities demanded by the market. The important role that quality plays in any wheat industry, especially in South Africa, means that quality cannot simply be disregarded. Results from the study on the competitiveness of the wheat industry in South Africa further determined that the quality standards, as set in the release criteria for commercial wheat, are not in line with the quality demanded by the end user. This, coupled with low prices, had severe negative effects on the performance of the wheat producers in South Africa, hence the decline in local wheat production over the last two decades.

Wheat prices should be determined according to its quality and not its origin




The Research Technical Committee for wheat, which represents the entire wheat industry, is responsible to guide wheat quality production. However, this technical committee sets high standards for the release of new wheat cultivars with regard to their bread-making characteristics. Preliminary results from the study estimated that the high prescribed qualities to producers are currently limiting wheat yields by between 12% and 20%. This amounts to an estimated loss of net farm income of between 600 million and 920 million annually.

For South African producers to compete on a level playing field, government policies therefore need to put in place a framework that will allow producers to either be compensated for the higher quality wheat or be allowed to produce lower quality wheat that is linked to higher yields. Coupled with this, wheat quality that determines the import parity price must be linked to wheat quality prescribed to local producers. It is important that wheat prices are determined according to its quality and not its origin.


Drastic steps need to be taken to reduce the effect of market concentration on the performance of the producers, thereby ensuring more profitable and sustainable wheat production in the future. Producers will then receive a premium for higher-quality wheat with lower yields or to compete on the basis of increased yields while still providing a desired product. This would have been the situation had free market conditions existed.

This will have positive knock-on effects for the entire South African economy in the form of, for example, job creation, poverty alleviation, skills development and food security. On the short term however, wheat import tariffs must reflect the loss of farm income to producers to truly have an influence on wheat production. This can serve as an efficient measure to improve producer's competitiveness over the short term. ♡


PLANTVOORNEMENS VIR 2015 wys koring bly stabiel



Figuur 1. Koringaanplantings (ha) in SA 2005 tot 2015. BRON: NOK



Figuur 2. Aanplantings van moutgars (ha) in SA 2005 tot 2015. BRON: NOK



Figuur 3. Kanola-aanplantings (ha) in SA 2005 tot 2015. BRON: NOK

Uit vroeë aanduidings van beplande aanplantings vir die 2015-seisoen lyk dit asof effens meer koring, heelwat meer moutgars en heelwat minder kanola geplant gaan word. Dié gevolgtrekking word gemaak volgens die situasie in April 2015.

Volgens aanduidings is produsente van plan om 481 300 ha koring te plant, sê die Nasionale Oes-skattingskomitee. Dit is 1,0% of 4 730 ha meer koring as in 2014. Die grootste produserende gebiede is in die Wes-Kaap, met 316 000 ha (66%), gevolg deur die Vrystaat met 70 000 ha (14%) en die Noord-Kaap met 42 000 ha (9%).

Die syfers vir koring verteenwoordig die totale aantal hektare wat werklik vir graan beplant gaan word. Dit sluit alle hektare van groenvoer en weiding uit.

Produsente se voorneme om wintergewasse te plant is gebaseer op die resultate van 'n nie-ewekansige opname wat deur die direktoraat statistiek en ekonomiese analise van die departement van Landbou, Bosbou en Visserye gedoen is.

Die verwagte aanplantings van moutgars is 95 800 ha – 12,5% of 10 675 ha meer as die 85 125 ha van die vorige jaar. Die verwagte aanplantings van kanola is 85 000 ha, wat 10,5% of 10 000 ha minder is as die 95 000 ha wat in 2014 aangeplant was. Volgens rekords, is dit die tweede grootste oppervlakte wat met kanola beplant gaan word.

Die voorlopige oppervlakteskatting vir wintergewasse vir 2015 word op 28 Julie 2015 vrygestel. ♡

Tabel 1. Koring – voorneme om te plant: 2015 (Gebaseer op toestande van middel April 2015).

Provinsie	Voorneme (ha)	Oppervlak beplant (ha)	Finale skatting ton
	2015	2014	2014
Wes-Kaap	316 000	310 000	899 000
Noord-Kaap	42 000	38 000	285 000
Vrystaat	70 000	69 500	271 050
Oos-Kaap	2 800	3 000	12 000
KwaZulu-Natal	7 500	6 500	39 000
Mpumalanga	3 500	3 500	21 350
Limpopo	24 000	27 500	137 500
Gauteng	500	570	3 534
Noordwes	15 000	18 000	107 100
Totaal	481 300	476 570	1 775 534

Final production and area figures for 2014 season

The wheat crop for 2014 was finalised on 1 775 534 tons which is 25 534 tons or 1,44% less than the final crop estimate figure of 1,776 mill. tons. This was announced by the national Crop Estimates Committee (CEC) after a meeting of the Crop Estimates Liaison Committee (CELC).

The CELC oversaw the process for the finalisation of the crop production figures of commercial wheat, malting barley and canola for 2014.

The estimated total production figures as released by the CEC were revised, using the published figures of the South Africa Grain Information Services of actual deliveries as the basis for the calculations. The figures from the wheat utilisation survey to determine on-farm usage and retentions, which was conducted by the department of Agriculture, Forestry and Fisheries, were added to the SAGIS delivery figures to calculate

Table 1. Final area planted and crop figures of winter cereals for the 2014 production season.

Crop	Final area planted ha (A)	Final crop tons (B)	CEC area planted ¹⁾ ha (C)	CEC final estimate ¹⁾ tons (D)	Final crop vs final estimate % (B) ÷ (D)
Wheat	476 570	1 750 000	476 570	1 775 534	-1,44
Malting barley	85 125	302 000	85 125	306 786	-1,56
Canola	95 000	121 000	95 000	123 500	-2,02

¹⁾ As estimated by the CEC on 26 February 2015

the final crop production figures.

For malting barley the recalculated crop size is 302 000 tons, which is 4 786 tons or 1,56% less than the final crop estimate figure of 306 786 tons. The final recalculated canola crop estimate figure is 121 000 tons, which is also slightly lower (2 500 tons or 2,02%) than the final crop estimate figure of 123 500 tons.

The CEC would like to thank all producers and industry role-players who provided information on a regular basis to improve the accuracy of the crop estimates. Producers, who do not participate in the Department's monthly survey, are requested as a matter of urgency to make an effort to contribute to the crop estimates process. ♣



EXPAND YOUR OPERATION

MEET GOALS, INCREASE PROFITS AND SAVE TIME.
TURN YOUR PLANS INTO A REALITY.



Plan for your future with a complete farm system from GSI

Whether you are planning to farm more hectares or want to increase your marketing flexibility, use our expertise to design a system to meet your specific grain facility needs with the utmost efficiency.

In Memoriam

Dr Bart Lombard†: *Prolific wheat breeder*



Dr Bart Lombard was born on 12 January 1936 on a Swartland wheat farm in the district of Malmesbury, and passed away on 30 April 2015 at the age of 79 years.

Prof Klaus Pakendorf

In 1961 Dr Lombard completed the BSc (Agric)-degree at the University of Stellenbosch and subsequently his MSc-degree in 1963 under the tutorship of the legendary Prof FX Laubscher. The title of his thesis was: *A study on the hereditary basis of stem rust resistance in wheat*. In more than one way this study was to lay the foundation for his life and his future career as a successful plant breeder. He studied and consciously exploited the close host/pathogen relationships, leading to many resistant and successful wheat, barley and lupine cultivars; but more importantly, he also met his future

wife, Milly, who ably supported him with technical pathologic assistance for many years.

In March 1963, Lombard joined the Department of Agriculture as wheat breeder in Bethlehem, where he was tutored by Mr Ernst Pieper (wheat breeder/agronomist) regarding wheat production practices in the Highveld Region. At that time the cultivar Scheepers was still the dominant cultivar used as a utility crop for grazing, however it had poor baking quality and succumbed to stem rust, until Lombard released a selection named Scheepers 69 which, due to its drought resistance, is still in production in marginal areas to this day.

In this period Lombard also established contact with Prof Ian Watson and Prof Bob McIntosh at the University of Sydney, Australia. This collaboration was critical in his career as a scientist and a successful researcher, and eventually culminated in a PhD-degree in 1986, conferred by the University of Stellenbosch in collaboration with the University of


Sydney, Australia, with the title: *Host pathogen interactions involving wheat and Puccinia graminis tritici in South Africa*.

At the Bethlehem Research Station (now ARC-Small Grain Institute), working together with Pieper, the cultivars Betta, Belinda, Barta and Benita were released which made the production of high quality wheat in the Free State a reality. It paved the way for a large expansion of wheat production in this region. In 1975, Lombard joined the Sensako Seed Company and was transferred back to the Welgevallen Greenhouse Complex, University of Stellenbosch, where he worked until his retirement from Monsanto in February 2000.

In 1977 a specifically productive period started for Lombard, as he masterfully exploited the backcross method to insert single major resistance genes into already existing high yielding quality cultivars of wheat, barley and lupines. The winter wheat cultivars SST102, SST 103 and SST 124 were released, and range



The trophy Dr Bart Lombard received when he was nominated National Agricultural Scientist of the year by the Agricultural Writers Association in 1998.



Dr Bart Lombard is in 1998 as Landboukundige van die Jaar aangewys. Adam Mostert, destyds van Sasol Kunsmis en tans hoof van die Misstofvereniging (FERTASA), het dié huldiging aan dr Lombard geskryf.

of new spring wheat cultivars emerged for the Western Cape. SST 44 and SST 88 were probably the most important, and emerged as dominant wheat cultivars for a long period of time.

In the case of SST 88, this cultivar is currently still being produced, although it is not actively marketed any more. Using the same methodology with different pathogens, he released the barley cultivars SSG 525 and SSG 532, as well as lupine varieties SSL 2, SSL 4 and SSL 6 that made significant contributions over many years. In order to circumvent lodging in wheat due to eyespot disease, Lombard successfully introduced the solid stem genes and released the cultivars SST 57 and SST 95 with this trait; SST 57 being the more successful as it also carried useful stem rust resistance genes.

Lombard's success can be attributed to hard work, intimate knowledge of the life cycle of various pathogens, the genetics of host cultivars and especially the interaction between host and pathogen.

By nature Dr Bart Lombard was a quiet soft spoken and unassuming individual. Due to his achievements he received various awards, viz. Honorary Membership of the Western Cape Wheat Development Committee (better known under the acronym KKOv). In 1998 he was nominated Western Cape scientist of the year by the Agricultural Writers Association and subsequently National Agricultural Scientist of the year. In 2013 he was accorded Honorary Membership of the Southern African Plant Breeders Association.

Dr Bart Lombard will be remembered by his colleagues, friends and all wheat breeders for his contributions. ♣

Nasionale Landboukundige van die jaar: Bart Lombard

Dié Kaapse doktor se ervaring
'n leeftyd se nering
van koring teel en patogeen
deur jare heen die nommer een.
Sy naam geprent in boerehart
hulle ken vir doktor Bart.

In '69 skep hy Scheepers
sy kinders moet iets beters
Betta, Barta, Bennita, Belinda ...
Die hoofpunt op sy agenda
om stamroes hok te slaan
eer ons boerevolk ondergaan.

Op Bethlehem, die "broodhuis"
daar was hy jare tuis.
Hy werk eers vir die staat
Van smôrens vroeg tot sawens laat.
Dan sluit hy by Sensako aan
'n nuwe era breek toe aan.

Proteïen in koring moet verhoog
kruisings is die nuwe geloof.
Sy eie metodiek het hy ontwerp
om kruisings by koring op te skerp.
Oorsee word sy tegniek erken
as iets wat hul glad g'n ken.

Op Stellenbosch teel hy voort
Sy kinders heet nou SST.
Met korter stingels staan hul beter
die bakkers sê die brood rys beter
Bart Lombard word gou bekend
in die land se onderent.
Ook die mouters het van hom gehoor.
Die gars moes hy vir hulle toor.
Ook hierin doen hy sy bes
om die volk se dors te les.
Gebreke in hawer en lupien
het doktor Bart gou reggesien.

Hy is nou glo afgetree,
maar Marie en die seuns sê nee.
Boorling van die Swartland
produk van Matieland,
getemper deur Riemland se kou,
vir jou sal ons nog lank onthou.

Adam Mostert 1998

LANDBOUSKRYWERSVERENIGING VAN SA



Wilde bokwiet in koring met die penwortel omkring.



Wilde bokwiet rank teen hawer uit.

Verdagte weerstand by wilde bokwiet in VS ondersoek

Wilde bokwiet veroorsaak nie net skade wanneer dit teen gewasse oprank nie, die sade belemmer ook graan se oesproses. Dit is gevolglik verstaanbaar dat wilde bokwiet se maontlike weerstand teen glifosaat groot kommer veroorsaak het. Die Kleingraaninstituut het die geval ondersoek.

Hestia Nienaber

LNR-KLEINGRAANINSTITUUT, BETHLEHEM, 'N INSTITUUT VAN DIE LNR GEWASPRODUKSIE-AFDELING


Wilde bokwiet (*Fallopia convolvulus*) is 'n eenjarige rankplant en het 'n diep penwortel. Die onkruid het klein wit/groen blommetjies en driehoekige sade. Omdat wilde bokwiet 'n rankplant is, het dit die vermoë om teen gewasse uit te rank en met die gewas mee te ding vir sonlig. Sodoende kan die onkruid die gewas versmoor en opbrengs beïnvloed. Die onkruid self kan ook met die oesproses inmeng, aangesien wilde bokwiet nog meestal groen is wanneer die gewas geoes word. Verskeie gevalle van bokwiet wat moeilik beheer word, word periodiek uit die Vrystaat ontvang. Dit is daarom baie belangrik dat alle toedieningstegnieke korrek uitgevoer word en dat die regte onkruiddoder vir

die beheer gekies word.

Gedurende die afgelope seisoen is 'n biotipe van wilde bokwiet uit die Vrystaat ontvang wat maontlik weerstand teen onkruiddoder opgebou het. Die biotipe is met glifosaat gespuit teen twee keer die aanbevole dosis. Volgens die produsent kon hy nie die bokwiet beheer nie en het vermoed dat weerstand 'n rol mag speel.

Getoets

Die problematiese bokwiet se sade is in die Kleingraaninstituut se glashuis geplant. Groot sorg is geneem sodat die bokwiet nie te groot word vir bespuiting nie. Glifosaat is teen ses dosisse gespuit, naamlik 0,5x die aanbevole



Figuur 1. Persentasie beheer verkry met glifosaat teen 'n wilde bokwiet-biotipe uit die Vrystaat.



Wilde bokwiet se driehoekige saad



Sommige van die kandidate wat die Syngenta Graanakademie se kursus van 2015 suksesvol voltooi het: Arrie Muller, Johan Ferreira, Tom van Rooyen, Esias Scheepers, Fanie Jansen van Rensburg, Jonathan Francisco, Magnus Theunissen en Chris Kleingeld.

Slim boere voltooi Graanakademie se kursus

TWINTIG JONG BOERE het 2015 se opleiding by die Syngenta Graanakademie suksesvol deurloop – insluitend twee vroulike kursusgangers. Die kursus word in samewerking met die Universiteit van die Vrystaat en met Graan SA se steun aangebied.

Antonie Delpont, besturende direkteur van Syngenta SA, het die afstuderende klas gelukgewens en gesê die vroulike kandidate se prestasie bewys vroue se bydrae tot die landbousektor.

Die kursus is 'n leierskapprogram wat daarop gemik is om produsente van die nuwe geslag met vaardighede toe te rus

vir die landboubedryf se uitdagings.

Louw Steytler, voorsitter van Graan SA, sê mense wat geesdriftig oor landbou is het 'n verantwoordelikheid om deur die ontwikkeling van jonger produsente vir landbou se toekoms te sorg.

Mnr Delpont het ook gesê, as ons grond en ons gewasse volhoubaarheid vir ons planeet se toekoms gaan skep, is dit ons produsente wat ons daarheen gaan stuur. Hierdie besef het gelei tot die bekendstelling van Syngenta se SmartFarm-veldtog: Die inboeseming van 'n bewustheid dat

elke besluit op die plaas 'n direkte uitwerking op die boer se winsgewendheid en volhoubaarheid het. Deur in die ontwikkeling van leierskapkapasiteit te belê bevestig Syngenta sy toegewydheid daartoe om slim boere vir die toekoms te bemagtig.

'n Paar van die projekte waarmee uitdaging vir die Graanakademie se studente gestel is, was werklike en aktuele kwessies waarmee die landboubedryf te kampe het. Dit het kwessies ingesluit soos werksverliese, werknemersvoordele, grondhervorming en voldoende steun aan ontwikkelende boere. 🌱

dosis, die aanbevole dosis, 2x, 3x, 4x en 5x die aanbevole dosis. Dosisse buite die aanbevole dosis is in die eksperiment ingesluit om die tendens van beheer te bepaal. Die resultate word in **Figuur 1** aangedui.

Daarvolgens is dit duidelik dat hierdie biotipe nie weerstand teen glifosaat het nie. Al is 100% beheer nie met die aanbevole dosis verkry nie, is 98,53% steeds hoog genoeg vir effektiewe beheer. Die persentasie beheer by 0,5x die aanbevole dosis is 86,02%, wat steeds hoog is vir so 'n ligte dosis op so 'n hardnekkige onkruid, maar produsente word aanbeveel om nie minder as die aanbevole dosis te spuit nie.

Aangesien hierdie biotipe nie weerstandig is nie, moes 'n ander faktor of faktore 'n rol gespeel het in die lae vlakke van beheer wat die produsent verkry het. Verskeie faktore kan tot lae vlakke van beheer bydra.

In die eerste plek moet onthou word dat onkruidodders nie wanpraktyke en slegte omgewingstoestande kan goed

maak en regstel nie. Lae humiditeit kan onkruidodders se aktiwiteit benadeel en reën kort na bespuiting kan dit afwas. In baie gevalle is die spuittoerusting wat gebruik word foutief, byvoorbeeld verkeerde of verstopte spuitkoppe, of die kalibrasies is nie reg uitgevoer nie. Korrekte kalibrasie is baie belangrik vir suksesvolle beheer van enige onkruid.

'n Ander tendens wat gereeld gesien word, is die gebruik van ongeregistreerde mengsels. In so mengsel word komponente gemeng wat antagonisties kan wees teenoor ander komponente in die spuitmengsel. Dit beïnvloed die hoeveelheid aktiewe bestanddeel van die komponente en veroorsaak swak beheer.

Nog 'n faktor is die verkeerde identifisering van onkruid en die grootte of ouderdom daarvan. Verskeie onkruidse saailingstadium lyk aansienlik anders as die volwasse onkruid. Dit lei tot die verkeerde identifisering van die onkruid en gevolglik die gebruik van verkeerde onkruidodders of dosisse. Dit is belang-

rik om te onthou dat groter onkruid moeiliker beheer word as gevolg van die verminderde opname deur die groter houtagtige plante en onderste blare wat oorskadu word. Dit beïnvloed dus die onkruidodderdekking op die onkruid.

Samevatting

Hoewel weerstand nie in hierdie biotipe bevestig kon word nie, gee die data wel 'n positiewe antwoord oor goeie beheer. Met die aanpassing van toedieningspraktyke en met inagneming van die omgewing, kan hierdie biotipe heel moontlik baie goed beheer word.

Terselfdertyd moet die moontlikheid van weerstand nie vergeet word nie. Weerstand is reeds bevestig in 'n ander biotipe van dieselfde omgewing. Die produsente kan dus sy kant skoon hou en die etiketaanbevelings so goed as moontlik volg. Indien swak beheer steeds verkry word of meer inligting benodig word, kontak gerus vir Hestia Nienaber by 058 307 3420 of e-pos deweth@arc.agric.za. 🌱

Emerging barley farmers in sustainable agri programme

More than one hundred emerging barley farmers will participate in the Better Barley Better Beer programme, assisting them to run sustainable and economically viable entities.

The programme was launched by the South African Breweries (SAB) in the farming community of Taung, North

West province. Taung farmers provide SAB with around 7% of the total irrigated barley crop produced. In addition, they provide SAB with 10 000 tons of maize or 6% of the company's maize requirement.

The World Wildlife Fund for Nature of South Africa (WWF-SA) is a partner in the programme. SAB has had a close working relationship with Taung farmers since the establishment of the Taung Barley Farmers programme in 1994. The

initiative has grown to support more than 102 smallholding barley farmers.

The Better Barley Better Beer programme is an extension of this relationship and forms part of SAB's broader sustainable development framework, Prosper, which has sustainable agriculture, support of emerging, small business and reducing water use and carbon emissions as some of its key target areas.

"Supporting the growth of emerging, small scale producers and their migration into the mainstream agricultural sector is a critical area of focus for SAB," says Thinus van Schoor, General Manager SAB Maltings and Hop Farms.

"We are developing and supporting a sustainable, reliable and commercially competitive local agricultural footprint able to provide SAB with its total raw material requirement. This will help to create jobs, strengthen the local economy and build SAB's supply chain."

The broad focus of the Better Barley Better Beer programme is on water reduction, improved carbon footprints, soil health, clearing of alien vegetation and the protection and restoration of critical ecosystems. The programme is aimed at encouraging local barley production, creating a broad based supply chain for SAB and a sustainable source of income for smallholder farmers.

Training on how to implement the Better Barley Better Beer guidelines will be provided to the participating farmers by SAB agriculturalists over a two-year period. ♡

SAB has had a close working relationship with Taung farmers since the establishment of the Taung Barley Farmers programme in 1994. The initiative has grown to support more than 102 smallholding barley farmers. They frequently attend barley information meetings.

PHOTO FROM ARCHIVE



Ons noem dit 'die SENSAGO effek'

Vordering deur navorsing



We call it 'the SENSAGO effect'

Progress through research

Sensako is South Africa's leading wheat breeder, and supplier of improved wheat seed varieties. For all your wheat seed requirements – plant Sensako for;

- Improved yield and quality potential
- Agro ecological adaptability
- Disease resistance
- Reduced input costs
- Peace of mind and nationwide affordable value for the farmer



SENSAKO
Beproeft Genetika • Proven Genetics

Sensako is Suid-Afrika se voorste verskaffer van unieke koringkultivars en die leier in koringteelt.

Vir al jou koringsaadvereistes – plant Sensako vir:


- Beter potensiële opbrengs en kwaliteit
- Agro-ekologiese aanpasbaarheid
- Siekteweerstand
- Minder insetkoste
- Gemoedsrus en bekostigbare waardetoevoeging vir die produsent.

Bethlehem Tel: +27 (0) 58 303 4690


Napier Tel: +27 (0) 28 423 3313

www.sensako.co.za

RUSSIESE KORINGLUIIS: Só beïnvloed verspreiding die koringproduksie



Figuur 1. Verspreiding van Russiese koringluis-biotipes in SA se somerreëgebied gedurende 2013.



Figuur 2. Verspreiding van Russiese koringluis-biotipes in SA se winterreëgebied gedurende 2013.


Vier biotipes van die Russiese koringluis kom in Suid-Afrika se koring voor, naamlik RWASA1 tot RWASA4. Die meeste droëlandkultivars het voldoende weerstand teen RWASA1, maar bykans geen het weerstand teen RWASA4 nie. Laasgenoemde biotipe moet voortdurend gemonitor word en terselfdertyd moet kultivars geteel word met weerstand daarteen.

Dr Astrid Jankielsohn

LNR-KLEINGRAANINSTITUUT,
BETHLEHEM, 'N INSTITUUT VAN DIE
LNR GEWASPRODUKSIE-AFDELING

Die vier Russiese koringluis-biotipes se vlakke van skade aan koringkultivars is verskillend. RWASA1 is die eerste biotipe wat in 1978 aangeteken is, RWASA2 is in 2005 aangeteken, RWASA3 in 2009 en RWASA4 in 2011.

Die meeste droëland-koringkultivars in die mark het voldoende weerstand teen RWASA1. Hoewel baie kultivars nie weerstand het teen RWASA2 en RWASA3 nie, is daar wel 'n paar kultivars met voldoende weerstand teen hierdie biotipes. Bykans geen koringkultivars het voldoende weerstand teen RWASA4 nie. Dit is dus belangrik om die verspreiding van hierdie biotipe te monitor en ook nuwe kiemplasma teen hierdie biotipe te toets sodat koringkultivars met voldoende weerstand teen RWASA4 geteel en in die mark geplaas word.



Figuur 3. Verspreiding van Russiese koringluis-biotipes in SA se somerreëngedurende 2014.

Gedurende 2013 was RWASA3 die dominante biotipe in die somerreënged. Hierdie biotipe en RWASA4 was egter beperk tot die Oos-Vrystaat, terwyl RWASA2 meer in die Sentraal-Vrystaat en RWASA1 in die Suidwes-Vrystaat en Noord-Kaap voorgekom het (Figuur 1). In die winterreënged (Wes-Kaap) was RWASA1 die dominante biotipe met die ander biotipes wat net in geïsoleerde gevalle voorgekom het (Figuur 2).

Gedurende 2014 het min besmettings van Russiese koringluis voorgekom. In die somerreënged het 67% van die lande wat gemonitor was geen besmettings gehad nie en in die winterreënged was 54% sonder besmettings (Figuur 3 en 4). Geen luisbesmettings is in die Sentraal- en Wes-Vrystaat gevind nie en in die Oos-Vrystaat was RWASA4 die dominante biotipe (Figuur 3). In die winterreënged van die Wes-Kaap was RWASA1 die dominante biotipe.

Sedert die monitering van Russiese koringluis-biotipes in Suid-Afrika in 2009 begin is, was daar 'n verskuiwing in die dominansie van die verskillende biotipes in die kompleks. Gedurende 2009 en 2010 was RWASA2 die dominante biotipe in die versamelarea. Gedurende 2011 het die dominansie van RWASA2 verminder en gedurende 2012 en 2013 was RWASA3 die dominante biotipe. Hoewel RWASA4 tot op datum nog net in die Oos-Vrystaat aangeteken is, het die voorkoms van hierdie biotipe, sedert dit die eerste keer in 2011 opgemerk is, tot 2014 geleidelik verhoog.

In sekere gebiede kom die vier biotipes gelyktydig voor en vorm 'n dinamiese kompleks wat vinnig kan verander en diversifiseer. Hierdie komplekse word deur die omgewing beïnvloed en verander saam met omgewingsfaktore. Gasheerplante en klimaat is waarskynlik die belangrikste faktore wat hierdie biotipe-komplekse beïnvloed. Sommige van die biotipes in die kompleks het 'n beter vermoë om aan te pas by 'n veranderende omgewing, wat 'n vinniger populasie-toename van die spesifieke biotipe tot gevolg het. Dit lei tot een biotipe wat meer dominant as die ander is.

Hierdie dinamiese kenmerke van Russiese koringluis-komplekse is 'n uitdaging vir die ontwikkeling van weerstandbiedende koringkultivars. Dit beklemtoon die belang van monitering van Russiese koringluispopulasies se biotipe-struktuur. Monitering moet gemik wees op die verskuiwing van biotipe-samestelling. Die sukses van weerstandstelling teen Russiese koringluis sal dus eerstens afhang van die monitering van Russiese koringluis biotipe-komplekse en tweedens die bepaling van omgewingsfaktore wat hierdie komplekse beïnvloed.

Navrae kan gerig word aan Astrid Jankielsohn by 058 307 3431 of 082 564 3795 of jankielsohna@arc.agric.za

Die navorsing word moontlik gemaak deur Wintergraantrust en die Landbounavorsingsraad.



Die Russiese koringluis



Glashuise by die LNR-Kleingraaninstituut waar proefnemings gedoen word om onder meer kultivars met weerstand teen Russiese koringluis te ontwikkel.

“Farming smarter is the future of agriculture”



Picture courtesy New Holland SA



Reducing water use and energy is target areas in modern farming. Farming smarter is the future of agriculture, and available to all producers today, says Syngenta's managing director, Antonie Delpont.

“SmartFarm is a mindset that aims to encourage producers to reconsider and change the way they farm, make decisions, buy products, invest in their crops and to start doing things in a smarter way,” says Antonie Delpont, Managing Director of Syngenta, speaking at the launch of the company's SmartFarm brand.

“Ultimately it is a driver for producers to replace conventional methods with a modern, proven approach that will guide and help them in achieving greater harvests. A Smart Farm is no ordinary farm, it's beyond extraordinary.

“Since its establishment at the end of 2000, Syngenta has positioned itself as providing comprehensive solutions, backed by innovative research and new technology, to optimise yield for producers both local and international. With SmartFarm we're about to take an even greater leap forward in agriculture,” says Delpont.

According to Delpont, the model of agricultural production that predominates today is not suitable for the new food security challenges of the 21st century. Sadly too many growers employ methods that cannot prevent the degradation of soils and the loss of biodiversity, as opposed to growers who make use of farming methods that conserve the soil as an important resource and adopt methods which mitigate the effects of climate change.

“With Syngenta's technology, encompassing crop spray, programmes and progressive innovations that fall under the SmartFarm umbrella, farming smarter is the future of agriculture, and available to all producers today. It offers an ingenious lease on the way we farm and the special relationship we have with the land and our crops.”

He further adds that SmartFarm is intuitive – where forecasts and yields take their lead from Syngenta's innovations in crop protection and seed care. A SmartFarm is intelligent – one that ploughs beyond the cutting edge of crop protection into a new field of opportunity called the cloud and the internet of things. It's also a collaborative farm – where any dialogue is a vibrant conversation about what Syngenta and farmers all over the world are doing together today.

“It's this primal partnership between a farmer and his land that has nurtured and sustained the growth of civilisations since the dawn of time. Yet, the global food system is soon to enter a new era – one with daunting challenges. There will be an unprecedented combination of pressures over the next few decades,” says Delpont.

“Only by taking this vast, green continuum to the next level, and the next, can we make our farms, crops and land far more efficient and ensure the sustainability of the world's future population.” 🌱

3 Sleuteleienskappe wat ARTEA® die logiese keuse vir siektebeheer in kleingraan maak:

- 1 Siprokonasool in ARTEA® versterk plante en verbeter fotosintese
- 2 ARTEA® bied die breedste spektrum van beheer
- 3 ARTEA® bied 'n vinnige uitklop aksie en lang nawerking

Kontak gerus u naaste Syngenta-verteenwoordiger indien u meer inligting verlang.



LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE

ARTEA® bevat propikonasool 250 g/l en siprokonasool 80 g/l (Reg. nr. L6820, Wet nr. 36 van 1947). VERSIGTIG.
ARTEA® is geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta groep maatskappy.

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541-4000 www.syngenta.co.za, [@SyngentaSA](https://twitter.com/SyngentaSA)
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde kopiëring word verbied.

Five insurance nightmares that keep business owners awake at night

Load shedding is at the top of the agenda

South African business owners' worst fears of the 2008 blackouts re-occurring are being realised with billions of rand in potential economic growth being wiped out every month as widespread power outages affect the country.

"Load shedding currently tops the list of insurance nightmares keeping business owners awake at night. But they are also nightmares which businesses can insure against," says Bryan Verpoort, Head of Corporate and Business Insurance at Standard Bank, as he unpacks five insurance risks that every business owner should make sure they are adequately protected against.

Weather-related damages

While certain risks are foreseeable, there is just no certainty when it comes to weather. Rain and hail damage in 2012 led to thousands of claims worth an estimated R1 billion, and early indications are hail damage could be significant again in the summer rainfall region in 2015.

"We have already seen some severe storms in the first quarter of 2015 and, while not yet as bad as 2012, there is a major risk of an increase in claims later this year. Hail has been a theme for two years running," says Mr Verpoort.

It's not just hail, however, that poses risks. Many businesses – recently livestock farmers – are faced with weather-related problems that can come in cycles, or be one-off events like floods, and are increasingly at risk of underinsuring themselves against losses of livestock, produce or other goods and equipment.

Failed exports

Disease is another threat to farmers and can impact income from exports. South Africa is the third-largest citrus exporter

in the world, but citrus growers had to halt exports last year after the EU complained that four shipments contained the citrus black spot fungal disease.

"Disease is generally excluded from many policies – there would generally have to be specific insurance cover in some cases," says Mr Verpoort.

Early indications are hail damage could be significant again in the summer rainfall region in 2015

Load shedding

Persistent load shedding is the number one insurance nightmare for companies and individuals, because most policies simply do not cover the consequential damages that could arise from a power cut.

Mr Verpoort says the problem is that a power cut is a foreseeable event and insurance is designed for events that are not planned. Load shedding is, unfortunately, predictable and therefore manageable. The onus of risk mitigation therefore lies on the business owner rather than on the insurer.

Ninety percent of claims are not likely to be covered in the event of a power cut, as coverage would generally apply up to a limited amount where power surges or spikes cause damage to equipment, like servers or printers. Still, business interruption insurance is being taken out on the mistaken belief that they are covered for consequential losses, when in fact this type of insurance only covers perilous events such as wind, snow, fire or an explosion as the underlying cause.

"There has been an increase in requests for this type of insurance and we are trying to educate clients that it may not be the solution to load shedding

problems," he continues.

Political risk

With many companies establishing operations in Africa and other foreign jurisdictions, political risk is another factor to consider. Commonly referred to as 'contractual frustration', these events are not insured unless specifically negotiated at the inception of the venture.

Event management

As South Africa becomes increasingly popular for hosting major events – from music concerts to cycle tours and more – the risk of liability for organisers has increased in tandem.

Liability from events usually arises from injuries or property damage, explosions, water shortages, power cuts and equipment failure, non-appearance, sickness, mourning and inclement weather.

A deposit paid by an organiser would generally not be a recoverable expense, while an indemnity limit would set a ceiling on the amount of the claim. Coverage is not guaranteed if an alternative arrangement could have been made.

Affordability

"In all the above cases it is often a trade-off between potential losses and how much a business is willing to pay for insurance and frequently boils down to affordability. Most reputable insurance providers are aware of the risks and try to structure the best possible solutions for individual businesses. It is then their decision how much coverage they take. "Regardless of the business' insurance needs – in these tough economic conditions – it is essential for business owners to speak to an advisor to ensure that they have the correct cover in place to avoid significant financial losses," concludes Mr Verpoort. 🗨



BREAKING NEW GROUND FOR THE FUTURE OF AGRICULTURE



Standard Bank is proud to partner with the agricultural sector in providing innovative and forward-thinking banking solutions. Agriculture is a vital industry to our country's growth and we're right beside you every step of the way, because your success is our success. That's why more businesses bank with Standard Bank than any other bank.

Authorised financial services and registered credit provider (NCRCP15).
The Standard Bank of South Africa Limited (Reg. No. 1962/000738/06).
Moving Forward is a trademark of The Standard Bank of South Africa Limited. SBSA 181906 B – 7/11



Moving Forward™

Beurtkrag en versekering: Bykomende maatreëls verminder risiko's en uitgawes



Namate beurtkrag 'n werklikheid in Suid-Afrika word, berei boere hulle voor vir die gevolge wat dit waarskynlik op hul produksieprogram en inkomste gaan hê.

“Landbouprodusente word aangeraai om bykomende maatreëls te tref om hul risiko te bestuur en hulself teen verliese as gevolg van beurtkrag te beskerm,” sê Gerhard Diedericks, hoof van Santam Landbou.

“Beurtkrag het reeds 'n beduidende uitwerking op boerderybedrywighede wat van deurlopende of selfs periodieke elektrisiteitsvoorsiening afhanklik is, maar soms kan selfs kort kragonderbrekings probleme veroorsaak,” sê hy.

Die landbousektore wat die meeste geraak word, sluit onder meer die volgende in:

- Saaiboerderye – beurtkrag het 'n baie groot impak op plase wat op besproeiing staatmaak. Besproeiing vind gewoonlik in die koeler tye van die dag plaas om die kanse op verdamping te verminder. Dié tye is geneig om saam te val met spitskragverbruik.
- Melkboerderye – dié is hoofsaaklik hoogs gemeganiseerd, met elektrisiteit wat vir die grootste deel van die produksieproses, insluitend melkmasjiene en melkverkoeling, benodig word. Melkery vind gewoonlik vroeg in die oggend of laat in die middag plaas – tye wat met beurtkragtydperke saamval.
- Vrugte- en groenteboerderye – dié maak dikwels staat op koelkamers met geregleerde temperature, veral wanneer produkte vir uitvoermarkte bestem is.
- Pluimveeboerderye – gedurende die winter moet die uitbroei of verhitting van veral jong kuikens op

sekere tye van die dag in hoenderhuise baie goed beheer word.

Dekking vir stuwings en bedryfstesting

Diedericks sê die meeste van die onlangse versekeringsse wat deur boere ingedien is vir verliese wat die regstreekse gevolg van beurtkrag was, was vir bedryfstesting ná kragstuwings. “Dekking vir bedryfstesting behels versekering vir bruto wins, bruto inkomste en die bykomende styging in bedryfskoste. In die afgelope jare is hierdie soort dekking spesifiek uitgebrei om verliese of skade as gevolg van kragstuwings in te sluit. Premies hang af van hoe afhanklik die boerdery van krag is.”

Kragstuwings kom voor wanneer elektrisiteit ná 'n lang onderbreking terugkeer en 'n sterker elektriese stroom na 'n muurprop en/of kragtoevoereenheid vloei. Dit kan enige toerusting wat van elektrisiteit afhanklik is, beskadig.

“Sedert Maart 2013 het Santam ook sy dekking onder die afdeling ‘brand en geboue gesamentlik’ uitgebrei om dekking van R50 000 teen kragstuwings in te sluit, mits stuwingsweerdere geïnstalleer is. Bykomende dekking is vir bedrae van meer as R50 000 beskikbaar,” sê hy.

Versekeringsdekking vir noodkragopwekkers

Diedericks sê dat baie boere noodkragopwekkers professioneel laat installeer het sedert Suid-Afrika in 2008 deur voortdurende landwyse beurtkrag getref is. Sonpanele word gebruik vir items soos dompelpompe en huishoudelike beligting. Baie boere gebruik ook waar moontlik gas as 'n alternatief, byvoorbeeld vir broeikaste op pluimveeplase.

“Wat die versekering van kragopwekkers betref, beskou Santam vaste kragopwekkers as deel van gebou se struktuur – dit word dus onder die gebou-afdeling gedek. 'n Draagbare kragopwekker word as deel van die

inhoudafdeling van jou polis gedek. Dekking is ook vir die onklaarraking van jou kragopwekker beskikbaar.

“Vir die afsienbare toekoms is beurtkrag hier om te bly. Ons kan dit nie verander nie, maar om vooruit te dink kan die verskil tussen 'n verlies aan inkomste en besigheid soos gebruiklik beteken. Boere word aangeraai om die nodige planne te maak om moontlike verliese te voorkom, weer na hul versekeringsdekking te kyk en advies van hul makelaars in te win om moontlike risikosituasies as gevolg van kragonderbrekings in berekening te bring,” sê Diedericks.

Veilige gebruik van 'n kragopwekker

Gerhard Diedericks, hoof van Santam Landbou, gee die volgende wenke vir die gebruik van 'n vaste kragopwekker as noodkrag op 'n plaas:

- Maak seker die kragopwekker is professioneel geïnstalleer deur 'n geregistreerde diensverskaffer.
- Maak seker die installasie en gebruik van die kragopwekker voldoen aan toepaslike regulasies, om die volgende redes:
 - die kragopwekker laat koolstofmonoksied uit wat baie gevaarlik kan wees indien dit nie behoorlik geventileer word nie;
 - dit wek krag op wat behoorlik bedraad, geaard en verseël moet wees; en
 - dit is 'n meganiese toestel met bewegende dele en kan warm word.
- Moet nooit meer as 20 liter brandstof binne-in die gebou berg nie en maak seker daar is behoorlike ventilasie.
- Koop 'n handelsmerk wat deur 'n erkende handelaar ondersteun word, wat advies oor veiligheid kan verskaf.
- Toets die kragopwekker gereeld.
- Hou eksterne kragopwekkers in 'n maasomheining met 'n soliede dak.
- Onthou om 'n brandblusser van minstens 4,5 kg byderhand te hê. ♡



John Gordon (middel) wat die Sorghumtrust in die SA Graaninligtingsdiens (SAGIS) se raad verteenwoordig, dien reeds tien jaar in dié posisie. Hy het 'n langdienssertifikaat by Karabo Peele (links) (uittredende voorsitter) en Nico Hawkins (hoofbestuurder) van SAGIS ontvang.



Christo Joubert (Landbouemarkingsraad), Dirk Esterhuizen (VSA ambassade) en Gerhard Scholtemeijer (Olie- en Proteïensade) by SAGIS se jaarvergadering.



Moses Mnyaka van Statistieke SA en Ronald Ramabulana van die Landbouemarkingsraad het SAGIS se jaarvergadering bygewoon.

SAGIS JAARVERGADERING

Inligting help wisselvalligheid in landboumark verminder

Landbouprodukte is baie meer kwesbaar vir wisselvalligheid in aanvraag en voorsiening en daarom is inligting soos dié wat die SA Graaninligtingsdiens (SAGIS) voorsien noodsaaklik. Landboumarkte verskil van ander markte weens die seisoenaliteit van produkte, streeksverskille, omvang en bederfbaarheid, sê Billy Morokolo, 'n hoofdirekteur in die departement van landbou, bosbou en visserye.

SAGIS se inligting help onder meer om gelykmatigheid in die wisselvalligheid van die landboumark te bewerkstellig. Mnr Morokolo was die gasspreker by SAGIS se algemene jaarvergadering naby Hammanskraal.

"Markte is net doeltreffend wanneer alle belangrike markinligting tegelyk vir alle deelnemers beskikbaar is en waar pryse dadelik op die beskikbare inligting reageer," sê mnr Morokolo. "SAGIS speel reeds 'n sleutelrol om seker te maak dat alle partye in die graanbedryf meer en akkurate inligting tegelykertyd ontvang."

In die Suid-Afrikaanse omstandighede is die graansituasie 'n instrument om voedselsekerheid te bepaal. Dit dui onder meer aan hoeveel voedsel beskikbaar is, wat die tekort, oorskot en voorraad is en wat die behoefte aan in- en uitvoer is. Markinligting verminder nie net onsekerhede nie, dit skep bewustheid vir markgeleenthede en verhoog landbouers se bedingsposisie.

Die regering gebruik SAGIS se inligtingsdiens om beleid te bepaal vir

landbousake, vir bemaking, internasionale handelsadministrasie en waar die departement van landbou, bosbou en visserye by die mededingingskommissie betrokke is.

SAGIS se dienste speel volgens mnr Morokolo ook 'n belangrike rol op internasionale vlak. Die inligting is 'n inherente deel van Suid-Afrika se betekenisvolle bydraes tot die G20-lande se inligtingsnetwerk vir landboumarkte, AMIS. Weens die hoë standaard van hierdie inligting is Suid-Afrika se bydrae tot G20 AMIS se werk, sommige ander lande se bydraes ver vooruit.

Mnr Morokolo sê wanneer die departement van landbou, bosbou en visserye SAGIS se inligting evalueer, beskou hulle dit as uitstekend ten opsigte van die betroubaarheid, deursigtigheid, frekwensie en vergelykbaarheid. Boonop bied dit 'n uitstekende basis vir voorspellings.

"SAGIS bied 'n sterk basis sodat Suid-Afrika se markte vir graan en oliesade doeltreffend kan funksioneer. Nasionaal en internasionaal word die inligting hoog aangeslaan en die regering steun swaar daarop vir beleidsamstelling.

Die inligting word as 'n barometer vir die land se voedselsekerheidstatus gebruik. Ander sektore kan aangemoedig word om SAGIS se voorbeeld te volg met die insameling en verwerking van markinligting," sê mnr Morokolo.

- Dr John Purchase, uitvoerende hoof van Agbiz, is verkies tot voorsitter van die SA Graaninligtingsdiens (SAGIS) se raad. Hy volg Karabo Peele van die Mielietrust as voorsitter op.

'n Verslag deur SAGIS se uittredende voorsitter, Karabo Peele, verskyn in die volgende uitgawe van *Koringfokus / Wheat Focus*. ♡



Agri Mega-week 2015

Datum: 16 tot 19 September (Woensdag tot Saterdag)

Tye: Woensdag tot Vrydag 09:00 tot 17:00; Saterdag 08:00 tot 16:00

Plek: Mega-park, Bredasdorp, GPS: 34°31'24.61" S, 20°03'02.33" E

Navrae: megaevents@agrimega.co.za of 021 863 0397 (Reinette Basson).

Aanlyn-kaartjies: www.computicket.co.za.

Uitstalruimte: 021 863 0397 / reinette@agrimega.co.za.

Media-inligting en toegang: 082 556 8778 / 028 424 2890 /

media@agrimega.co.za. ♡



Figuur 2. Variasie in uitloopweerstand tussen kultivars. Die kultivars aan die linkerkant het beter uitloopweerstand as kultivars aan die regterkant.

Navorsing oor uitloop in koringare het risiko verminder

Vordering met navorsing oor uitloopweerstand oor die afgelope 20 jaar

Reën in strooptyd twintig jaar gelede het groot kopsere veroorsaak. Koring wat in die aar uitloop is nutteloos en ongelukkig het 70% van die beskikbare kommersiële kultivars nie uitloopweerstand gehad nie. Vandag lyk sake heelwat anders – danksy kultivarontwikkeling is uitloop 'n veel kleiner risiko.

Dr Annelie Barnard

LNR-KLEINGRAANINSTITUUT, BETHLEHEM, 'N INSTITUUT VAN DIE LNR GEWASPRODUKSIE-AFDELING

Komersiële koringkultivars se uitloopweerstand is in 1991 die eerste keer geëvalueer. Daar was toe net 17 kultivars in die proewe waarvan slegs vyf uitstekende uitloopweerstand getoon het. Sewentig persent van alle kultivars wat in die vroeë 1990's vir kommersiële

produksie beskikbaar was, het gevolglik vir produsente 'n risiko ingehou wanneer dit tydens strooptyd gereën het.

Reën en vogtige toestande in strooptyd se kritiese weke kan daartoe lei dat ryp koring in die aar vog absorbeer en begin ontkiem (**Figuur 1**). Die verskynsel is uitloop in die aar genoem – 'n probleem wat menige produsent met hande in die hare laat sit het.

Sodra koring begin ontkiem, verlaag die graan se kwaliteit. Dit hou groot ekonomiese implikasies vir die produsent in, omdat hierdie graan waardeloos vir die verbruiker is – in hierdie geval die meulenaars. Sulke koring kan ook nie opberg word nie en is dus nutteloos.

Voorkoming

Hoewel bestuurspraktyke tot 'n sekere mate met voorkoming van uitloop in die aar kan help, is die beste manier om dit te verhoed die ontwikkeling van kultivars met hoë vlakke van dormansie. Dormansie is die term wat gebruik word om vertraging in ontkieming te beskryf.

Selfs al word 'n saad aan die optimumtoestande vir ontkieming onderwerp (met ander woorde, genoeg water, voldoende lig en die regte temperatuur), sal 'n saad met hoë vlakke van dormansie nie ontkiem nie.

Dormansie word deur verskeie gene beheer en hoe meer van hierdie gene in 'n kultivar teenwoordig is, hoe beter sal die kultivar se uitloopweerstand wees. In **Figuur 2** is die wisseling in uitloopweerstand tussen 'n paar kultivars duidelik herkenbaar. Kultivars wat maklik uitgeloopt het, het dus óf minder weerstandsgene óf minder effektiewe weerstandsgene. Om egter die beste kombinasie van gene vir uitloopweerstand te identifiseer, is 'n perd van 'n ander kleur.


Uitloopweerstand kan verder deur die effek van omgewingstoestande beïnvloed word. Daarom is die akkuraatste manier om uitloopweerstand te bepaal, die gebruik van are wat op dieselfde fisiologiese stadium in die veld geoes word. Hierdie are word dan in 'n reënnabootser (**Figuur 3**) vir uitloopweerstand getoets.




Figuur 1. Ryp koring kan in die aar begin ontkiem voordat dit gestroop word.



Figuur 3. Reënnabootser waarin are vir uitloopweerstand getoets word.



Figuur 4. Aanduiding van hoe uitloopweerstand in besproeiingskoringkultivars oor die afgelope 20 jaar verbeter het.



Figuur 5. Aanduiding van die uitloopweerstand van kultivars wat in die Wes-Kaap geplant word.

Evaluering en databasis

Al die kultivars wat kommersieel beskikbaar is, asook die vroeë teeltlyne van die LNR-Kleingraaninstituut se teeltprogramme, word jaarliks vir uitloopweerstand geëvalueer. Oor die afgelope 20 jaar is meer as 120 koringkultivars van al drie saadmaatskappye getoets. Deur die jare is daar dus 'n baie goeie databasis opgebou van kultivars se uitloopweerstand.

Sonder om na spesifieke kultivars te verwys het die prentjie van droëlandkultivars en besproeiingskultivars oor die afgelope 20 jaar soos volg ontwikkel:

Aan die begin van die 1990's toe die uitloopweerstandsprogram van stapel gestuur is, het die meeste droëlandkultivars swak uitloopweerstand gehad. As gevolg van deurlopende evaluering en konstante aanpassings in die onderskeie teeltprogramme, het die situasie sodanig verbeter dat slegs drie van die 20 kultivars (15%) wat tans kommersieel verbou word, swak uitloopweerstand het, teenoor die amper 60% in 1991.

Ook by besproeiingskultivars was

daar 'n groot afname in die hoeveelheid kultivars met swak uitloopweerstand (**Figuur 4**). Oor die algemeen het besproeiingskoringkultivars egter nie dieselfde mate van uitloopweerstand as droëlandkultivars nie. Hoewel daar min besproeiingskultivars is wat in verlede jaar se proewe swak uitloopweerstand getoon het, is daar ook min kultivars met uitstekende uitloopweerstand. Die meerderheid kultivars se weerstand wissel tussen goed en matig.

Kultivars in die Wes-Kaap

Meer onlangs is begin om Wes-Kaapse kultivars te evalueer. Sommige van hierdie evaluering het egter nog net ses jaar se data beskikbaar. Kultivars in die Wes-Kaap beskik oor baie goeie uitloopweerstand, en behalwe vir twee uit die 14 wat tans verbou word, het die ander almal goeie of uitstekende uitloopweerstand (**Figuur 5**).

Samevatting

'n Baie groot verbetering in die uitloopweerstand van veral droëlandkultivars

het oor die afgelope 20 jaar voorgekom. Dit is baie goeie nuus vir produsente, aangesien die bestuur van uitloop 'n onbegonne taak is. Vir die meeste produsente is dit onmoontlik om koring teen 20% vog te stroop en dit daarna te droog, aangesien drogingsfasiliteite nie altyd beskikbaar is nie.

Dit is selfs nie altyd moontlik om betyds te stroop nie en indien 'n kultivar met swak uitloopweerstand geplant is, is die risiko baie groot dat daardie kultivar se kwaliteit gaan verlaag. Dit behoort vir produsente 'n riem onder die hart te wees dat soveel vordering met uitloopweerstand in kultivars gemaak is en dat die risiko ten opsigte van uitloop grotendeels verminder is.

Die LNR-Kleingraaninstituut is steeds besig om jaarliks alle kommersiële kultivars vir uitloopweerstand te evalueer. Vroeë teeltlyne word ook aan kunsmatige reën blootgestel sodat probleme met uitloopweerstand vroegtydig aandag kan kry.

Vir enige navrae, skakel gerus die Instituut by 058 307 3400. ♡

Nuwe perseelplanter vergemaklik US-navorsing



By die oorhandiging van die Equalizer-perseelplanter was prof Danie Brink, waarnemende dekaan van die Universiteit Stellenbosch se fakulteit AgriWetenskappe, mnr Gideon Schreuder, besturende direkteur van Theebo Tech, en prof Nick Kotze, voorsitter van die US se departement Agronomie.

FOTO: ENGELA DUVENAGE

Navorsing oor graanverbouing by die Universiteit Stellenbosch (US) word nou vergemaklik danksy die skenking van 'n perseelplanter. Die Kaapse Theebo Tech-maatskappy het 'n nuwe Equalizer-perseelplanter vir minimumbewerking aan die departement Agronomie geskenk. Die planter is in Suid-Afrika ontwerp en in Brackenfell vervaardig. Die oorhandiging het saamgeval met die eerste winterreën in die Wes-Kaap.

Die departement is onder meer betrokke by navorsing oor verskeie kleingraangewasse waarmee in die Wes-Kaapse winterreëngediede geboer word, insluitend koring, hawer, lupiene, gars en kanola. Met die departement se uitgediende toerusting moes grond tot drie keer bewerk word voordat graan vir navorsingsdoeleindes op verskeie plase in die streek gesaai kon word.

Die waarde van die nuwe toerusting is sowat R150 000. Soortgelyke ingevoerde toerusting kos ongeveer R1,5 miljoen.

Volgens Gideon Schreuder, besturende direkteur van Theebo Tech en oudstudent van die US, is die skenking deel van 'n inisiatief om terug te ploeg in die bedryf waarin sy maatskappy werk. Dit is terselfdertyd 'n bydrae aan 'n kredietwaardige navorsingsinstituut soos die US.

Hy hoop die toerusting lewer 'n bydrae om danksy agronomiese navorsing die beste praktyke vir graanverbouing te kan uitlig. Mnr Schreuder wil byvoorbeeld weet of 'n tand- of skyfplanter meer voordele inhou in Wes-Kaapse toestande.

Met die oorhandiging het prof Danie Brink, waarnemende dekaan van die fakulteit AgriWetenskappe aan die US, privaatsektorvennote soos Theebo Tech geloof vir die wyse waarop hulle navorsing en ontwikkelingsgeleenthede ondersteun, en daardeur help om voedselsekerheid te versterk.

Prof Nick Kotzé, voorsitter van die departement Agronomie, sê dit is 'n uitdaging om aan die voorpunt van navorsing oor bedryfsespesifieke aspekte te bly, en om aan die landbougemeenskap antwoorde op hul spesifieke probleme te gee wat gebaseer is op wetenskaplike proewe. "Die Equalizer-perseelplanter gaan navorsers in staat stel om proewe tydig te plant en navorsing oor 'n wye reeks gewasse en hul verbouingspraktyke deeglik te bestudeer," sê hy.

Hy het mnr Schreuder aan die studente voorgelê as 'n inspirasie en 'n voorbeeld van 'n ware entrepreneur. Hoewel Theebo Tech eers in 2000 begin is, is dit sedert 2006 reeds die markleier in die verkoop van soortgelyke lugdruksaaiers in die Wes-Kaap. Dit verskaf ook wyespan-presisieplanters vir die plant van gewasse in Suid-Afrika se somerreënstreke, ander lande in Afrika en in Australië.

Mnr Schreuder se onderneming het begin nadat hy sukses behaal het met 'n graansif wat hy aanvanklik vir die doeleindes van die Schreuders se familieplaas buite Hopefield ontwerp het. ♡

Swartland en Suid-Kaap in afsonderlike kanolakompetisie

TWEE AFSONDERLIKE opbrengskompetisies vir kanolaboere word vanjaar in die Wes-Kaap gehou – een vir die Suid-Kaap en een vir die Swartland. Die weners van elkeen ontvang 'n kontantprys van R25 000 van die Proteïennavorsingstigting (PNS).

Die opbrengskompetisie word in elke streek tot tien deelnemers beperk. Die eerste tien inskrywings wat die PNS ontvang het, is aanvaar. Insikrywings kon tussen 1 Junie 2015 en 31 Julie 2015 deur die PNS se webtuiste ingestuur word. Prof André Agenbag van die Universiteit van Stellenbosch tree as projekteur van die kompetisie op.

Plaaslike oliekoek steek invoer verby

Geprojekteerde berekenings van die Proteïennavorsingstigting (PNS) dui daarop dat plaaslike oliekoekproduksie in 2014/15 vir die eerste keer meer as oliekoekinvoer gaan wees. Vir die 2015/16-seisoen word 'n soortgelyke situasie bereken.

In 2013/14 was die plaaslike oliekoekproduksie van 969 100 ha bykans 149 000 ha minder as die invoer van 1,1 miljoen ha. In 2014/15 was die situasie omgekeerd met 1,1 miljoen ha plaaslike produksie en 933 366 ha ingevoerde oliekoek.

Vir 2015/16 word plaaslike produksie van 1,1 miljoen ha bereken en invoer van 943 384 ha. (www.proteinresearch.net) ♡



Ons het die navorsing gedoen; nou oes jy die voordele.

Koringkultivars, 'n wenkombinasie.
'n Volledige droëlandpakket asook uitstekende besproeiingskultivars.

Besproeiingskoringkultivars.
PAN 3400, PAN 3471 en PAN 3497, groot sukses in kommersiële aanplantings met goeie siektetoleransie en graderingseienskappe. 'n Moet vir die besproeiingsboer.



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE



GEWASVOORSORG



PREISIE-
BEPLANNING



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSPRAKTYKE

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™

DIE KORINGMARKSITUASIE



Nico Hawkins en Sanet Flynn,
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

INTERNASIONALE KORINGSITUASIE

Produksie (2014/15)

Die Internasionale Graanraad (IGR) het koring se wêreldproduksie vir die 2014/15-seisoen op 'n rekordhoeveelheid van 721,4 miljoen ton geraam, wat 8,0 miljoen ton meer is as die totale produksie van die 2013/14-seisoen.

Die EU, die wêreld se grootste koringprodusent, se lewering word op 156,1 miljoen ton geraam, gevolg deur China met 126,2 miljoen ton. Die grootste toenames in produksie kom voor in die EU (+13,0 miljoen ton) en Rusland (+7,6 miljoen ton), terwyl die grootste afname in produksie vir Kanada

(-8,2 miljoen ton) en Australië (-3,3 miljoen ton) voorspel is (Tabel 1).

Verbruik (2014/15)

Die totale wêreldverbruik word tans op 710,4 miljoen ton geraam, 14,7 miljoen ton meer as in die 2013/14 -seisoen. Daarvan is 477,9 miljoen ton vir menslike verbruik, 142,4 miljoen ton vir dierevoer en die res vir industriële verbruik (Tabel 1).

Voorraadvlakke (2014/15)

Die wêreld eindvoorraad word op 199,6 miljoen ton geskat, wat 11,0 miljoen ton meer is as die 188,6 miljoen ton (Tabel 2) aan die einde van die vorige seisoen.

Internasionale pryse

Op 2 Junie 2015 was die prys van VSA HRW # 2, volgens die Kansas City Board of Trade, vir lewering in Julie 2015, \$196.72 (-25,49% dieselfde tydperk van vorige jaar). September 2015 se kontrakprys was \$200.40 (-24,98% dieselfde tydperk van vorige jaar) (Grafiek 1, Tabel 3).

Vooruitsigte (beramings) vir 2015/16

Die IGR beraam die wêreldproduksie vir die 2015/16-seisoen op 715 miljoen ton. Dit is 1% minder as die rekordoes van 2014/15, maar steeds 4% meer as die vyfjaargemiddeld.

Na verwagting gaan aanplantings 222,8 miljoen ha wees, wat effens minder as die vorige seisoen is maar steeds 2% meer as die vyfjaargemiddeld.

Verbruik vir die 2015/16-seisoen word effens meer op 715 miljoen ton geraam. Dit is grootliks as gevolg van 'n toename in voedselverbruik, asook 'n groter vraag in die industriële bedryf.

Na verwagting kan koring vir menslike verbruik vir die 2015/16-seisoen tot 483,5 miljoen ton toeneem (+5,6 miljoen ton teenoor die 2014/15-seisoen). Die toename word aan hoër verbruik in veral ontwikkelende lande in Asië en Afrika toegeskryf.

Skeepsvrage

Volgens die IGR het dit op 26 Mei 2015 ongeveer \$20 per ton gekos om koring in 'n klein skip vanaf Argentinië na Suid-Afrika te verskeep, teenoor \$31 'n jaar gelede. Groter skeepsvrage vanaf die Golf van Meksiko (VSA koring) kos tans \$27 per ton, teenoor \$38 'n jaar gelede.

Tabel 1. Wêreldvraag en -aanbod.

2014/15	Produksie mil ton (A)	Totaal % (A)	Verbruik mil ton	Invoer mil ton	Uitvoer mil ton	Voorraad mil ton
Australië	23,6	3,3	7,6	0,0	17,0	6,2
EU ^(a)	156,1	21,6	121,4	5,7	34,7	15,1
Frankryk	39,8	5,5				
Indië	95,9	13,3	93,3	0,1	3,4	17,3
Kanada	29,3	4,1	10,2	0,1	22,8	6,7
Rusland	59,7	8,3	36,5	0,3	21,7	7,9
China	126,2	17,5	123,2	1,8	0,3	63,2
VSA	55,1	7,6	32,6	4,1	23,2	19,5
Res	135,7	18,8	285,6	141,3	30,3	63,7
Totaal	721,4	100,0	710,4	153,4	153,4	199,6

(a) EU = min Frankryk
Bron: IGC se GMR: 28 Mei 2015

Tabel 2. Vraag en aanbod – RSA vs internasionaal.

Bemerkingsjaar Okt - Sep	RSA		Internasionaal	
	Finaal 2013/14 ^(a) '000t	Projeksie: 2014/15 '000t	Skatting: 2013/14 ^(e) Mil ton	Projeksie: 2014/15 ^(e) Mil ton
Beginvoorraad	489,3	488,5	170,9	188,6
Lewerings/Produksie	1 817,0	1 715,0	713,4	721,4
Invoer	1 668,4	1 800,0	156,3	153,4
Totale aanwending	3 200,3 ^(c)	3 131,7 ^(c)	695,7	710,4
Uitvoer	268,5 ^(a)	258,0 ^(a)	156,3	153,4
Eindvoorraad	488,5 ^(b)	608,8 ^(b)	188,6	199,6

(a) Sluit in koringekwivalent van koringprodukte uitgevoer.
(b) Alle voorrade, ongeag die eienaarskap daarvan, in kommersiële strukture.
(c) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers.
(d) Bron: NAMC: S&DEC 29 Mei '15 & IGC: Graanmarkverslag 28 Mei '15

Tabel 3. Jongste koringpryse teenoor vorige pryse.

	2015/06/02 Prys R	% Maand op maand	2015/05/04 Prys R	% Jaar op jaar	2014/06/02 Prys R
SAFEX					
Jul '15	3 930,00	3,48	3 798,00	1,73	3 863,00
Sep '15	3 910,00	2,04	3 832,00	3,03	3 795,00
KCBT					
Jul '15	196,72	7,47	183,06	-25,49	264,04
Sep '15	200,40	7,36	186,66	-24,98	267,12

Bron: SAFEX en KCBT

Tabel 4. Koring se invoerpariteitspryse op 26 Mei 2015.

Voorbeeld van hoe invoerpariteitspryse bereken kan word.	VSA HRW Golf	VSA DNS	Argentynse Trigo Pan	EU Duitsland B kwaliteit
	06/2015	06/2015	05/2015	05/2015
VAB waarde \$/t	238,00	273,00	226,00	206,00
	R/t	R/t	R/t	R/t
Koste, versekering & vrag (KAV)	3 178,98	3 599,04	2 951,30	2 723,27
VOS: Kaapstad	3 778,67	4 201,92	3 549,26	3 319,49
: Durban	3 817,17	4 240,42	3 587,76	3 357,99
Gelewer: Randfontein	4 249,26	4 672,51	4 019,85	3 790,08
Teenoor 29 Mei 2014	4 382,65	4 361,48	4 837,40	3 801,43

Bron: SAGIS

PLAASLIKE KORINGSITUASIE

Plaaslike rapportering is vanaf 1 Oktober 2014 tot 30 April 2015 vir die 2014/15-bemarkingsjaar.

Produksie

Die Nasionale Oesskattingskomitee se finale produksieskatting vir die 2014/15-seisoen toon 'n oesgrootte van 1 750 000 ton. Dit is sowat 120 000 ton minder as die 1 870 000 ton van die 2013/14-seisoen. Die oppervlakeskatting vir die 2015/16-produksieseisoen is 481 300 ha, wat 4 730 ha meer is as in die vorige seisoen.

Sedert 1 Okt 2014 is 1 687 888 ton koring in kommersiële strukture gelewer, wat 6,0% minder is as in die vorige jaar.

Invoer / uitvoer

Volgens SAGIS se weeklikse inligting is 1 299 551 ton koring op 29 Mei 2015 vir die RSA ingevoer. Die meeste daarvan kom van Rusland (351 308 ton) en Duitsland (262 824 ton). Koring-uitvoer vir dieselfde tydperk beloop 191 359 ton. Die meeste is na Zimbabwe (63 467 ton) en Botswana (56 352 ton) (**Grafieke 2 en 3**).

Die Landbou-bemarkingsraad se Vraag- en Aanbodkomitee beraam dat 1 800 000 ton koring in die 2014/15-bemarkingsjaar ingevoer moet word, teenoor die 1 668 412 ton in die vorige jaar (**Tabel 2**).

Verbruik

Vanaf 1 Oktober 2014 tot 30 April 2015 is 1 800 917 ton koring vir die binnelandse mark verwerk. Dit sluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers in. Koring wat vir veevoerdoeleindes aangewend is, het 1 487 ton beloop (-96,8% van dieselfde tydperk in die vorige jaar).

Die Vraag- en Aanbodkomitee beraam dat 3 131 735 ton in die 2014/15-bemarkingsjaar vir die binnelandse mark verwerk gaan word, teenoor 'n finale syfer van 3 200 254 ton in die vorige jaar (2,2% minder).

Voorraadvlakke

Die onaangewende voorraad op 30 April 2015 was 1 450 386 ton (+23,0% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). Die Vraag- en Aanbodkomitee beraam die eindvoorradvlak vir die 2014/15-seisoen op 608 791 ton, teenoor 488 526 ton in die vorige jaar (**Tabel 2**).

Plaaslike koringpryse

Safex-koringpryse vir lewering in Julie 2015 (R3 930.00) was op 2 Junie 2015, 1,73% hoër as die ooreenstemmende tydperk van die vorige seisoen, terwyl pryse vir lewering in September 2015 (R3 910,00) 3,03% hoër is as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar (**Tabel 3 en Grafiek 4**).

Die vergelykende invoerpariteitspryse gelewer in Randfontein (**Tabel 4**) het, afhangende die land van oorsprong, tussen R3 790.08 (EU Duitsland) en R4 672.51 (VSA DNS) gewissel. ⚡


Bronne

SAGIS (SMB 25/5/15)
IGR (GMR 28/05/15)
Safex
NOK (29/04/2015)
USDA (3/06/15)
NLBR (29/05/15).


Figuur 1. VSA HRW koringpryse.



Figuur 2. RSA koringinvoer per oorsprong - 2014/15.



Figuur 3. Koringuitvoer na Afrika - 2014/15.



Figuur 4. Koring: Safex-termynpryse.



GARS, HAWER & KANOLA SE MARKSITUASIE



Nico Hawkins en Sanet Flynn,
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

GARS Internasionaal

Gars se wêreldproduksie vir die 2014/15-seisoen word op 141,1 miljoen ton geskat, 3,9 miljoen ton minder as in die vorige seisoen. Dit is egter steeds ongeveer 2% meer as die vyfjaargemiddeld (**Tabel 1**).

Die verbruik word op 142,3 miljoen ton geraam, waarvan 95,3 miljoen ton vir diervoer, 29,9 miljoen ton vir industriële verbruik en 7,2 miljoen ton vir menslike verbruik is. Na verwagting gaan die internasionale garsvoorraad op 25,0 miljoen ton afsluit, wat 1,1 miljoen ton minder is as in die vorige seisoen.

Plaaslik

Volgens die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) is die plantvoorneme vir die 2015/16-produksieseisoen 95 800 ha. Dit is 10 675 ha meer as in die vorige seisoen.

Teen einde April 2015 is 291 353 ton gars vir die 2014/15-be-markingsjaar in RSA se kommersiële strukture gelewer. Gedurende dieselfde tydperk is 43 434 ton moutgars en 61 074 ton mout (gars-ekwivalent) ingevoer. Vir binnelandse verbruik is 180 475 ton gars verwerk, wat onttrekkings deur produsente, saad en gars wat aan eindverbruikers vrygestel is, insluit

(-13.3% van dieselfde tydperk in die vorige jaar) (**Grafiek 1**).

HAWER Internasionaal

Hawer se wêreldproduksie vir die 2014/15-seisoen word op 23,1 miljoen ton geraam, teenoor die 24,0 miljoen ton van die vorige seisoen. Die totale wêreldverbruik word op 22,1 miljoen ton geraam, waarvan 14,7 miljoen ton vir diervoer en 4,7 miljoen ton vir menslike verbruik is. Die eindvoorraad word op 4,0 miljoen ton geraam (+1 miljoen ton) (**Tabel 1**).

Plaaslik

Produsente het 23 352 ton (-15,8% van dieselfde tydperk in die vorige jaar) hawer sedert 1 Oktober 2014 in kommersiële strukture gelewer. Vir binnelandse verbruik is 35 962 ton verwerk wat onttrekking deur produsente, saad en hawer wat aan eindverbruikers vrygestel is, insluit (-15,0% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). Altesaam 21 174 ton hawer is ingevoer. Die onaangewende voorraad op 30 April 2015 was 18 584 ton (-31,7% van dieselfde tydperk in die vorige jaar).

KANOLA Internasionaal

Kanola se wêreldproduksie vir die 2014/15-seisoen word op 71,6 miljoen ton geraam. Die totale verbruik word op 71,4 miljoen ton geraam en die eindvoorraad op 7,1 miljoen ton (**Tabel 1**).

Plaaslik

Die NOK het plantvoornemens vir die 2015/16-produksieseisoen op 85 000 ha vasgestel. Dit is 10 000 ha minder as in die vorige seisoen (**Grafiek 2**).

Teen 30 April 2015 is 120 190 ton kanola gelewer (+8,2% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). Vir die kommersiële mark is 57 648 ton verwerk, waarvan 142 ton vir diervoer en 57 506 vir olie en oliekoek aangewend is. Die onaangewende voorraad is 93 313 ton (+30,1% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). ♣

Bronne


SAGIS (SMB 25/5/15) NOK (29/04/2015)
IGR (GMR 28/05/15) USDA (3/06/15)
Safex NLBR (29/05/15).

Tabel 1. Gars, hawer en kanola vraag en aanbod.


Bemerkingsjaar Okt - Sep	RSA (SAGIS): Voorlopig 2014/15 ^(a)			Internasionaal: Vooruitskatting 2014/15		
	Gars '000t	Hawer '000t	Kanola '000t	Gars Mil ton	Hawer Mil ton	Kanola Mil ton
Beginvoorraad	143,8	10,7	29,4	26,1	3,0	7,0
Lewerings/Produksie	291,4	23,4	120,2	141,1	23,1	71,7
Invoer	43,4	21,2	0,0	29,6	2,3	14,2
Aanwending	180,5 ^(b)	36,0 ^(b)	57,7 ^(b)	142,3	22,1	71,4
Uitvoer	2,0	0,1	0,0	29,6	2,3	14,3
Res ^(c)	0,7	0,6	-1,4			
Eindvoorraad	295,4 ^(d)	18,6 ^(d)	93,3 ^(d)	25,0	4,0	7,1

(a) Inligting progressief: Okt 2013 - Apr 2015
(b) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers
(c) Netto van surplusse, tekorte ens. en balanseersyfer
(d) Alle voorrade, ongeag die eienaarskap daarvan, in kommersiële strukture
Bronne: SAGIS - 25 Mei '15, GMR - 28 Mei '15, USDA - 3 Jun '15

Figuur 1. RSA garsproduksie, invoer en verbruik.



Figuur 2. Oesskattingkomitee: Kanola 2004/05 – 2015/16.



Support National Bandana Day

In support of patients diagnosed with leukaemia and other life threatening blood disorders.

12 October 2015

We  Bandana Day



The Sunflower Fund

Share a Little, Save a Life

Buy your bandana from Pick n Pay or Round Table and wear it with pride on National Bandana Day.



ROUNDTABLE
SOUTHERN AFRICA

Toll-free 0800 12 10 82
www.sunflowerfund.org.za

Pick n Pay



kulula.com

DStv



newsclip

Media Village Productions



ignition



Agri SA brei kundigheid op bestuursvlak uit

WEENS VERANDERENDE omstandighede en toestande in die landboubedryf én uitdagings in Suid-Afrika het Agri SA sy vermoëns op bestuursvlak uitgebrei. Volgens Johannes Möller, voorsitter van Agri SA, is die kollig op kommersiële sake in landbou en op maatskaplike en ontwikkelingsake.

Met die uittrede van Hans van der Merwe na dertien jaar as uitvoerende direkteur, is Omri van Zyl in dié pos aangestel. Naas Johan Pienaar wat adjunk- uitvoerende direkteur is, is Christo van der Rheede ook as adjunk- uitvoerende direkteur aangestel. Vroeër vanjaar is Thabi Nkosi as senior ekonoom aangestel.

Verskeie uitdagings in die landbousektor vereis volgens mnr Möller 'n verskeidenheid vaardighede en kundigheid sodat Agri SA 'n betekenisvolle bydrae tot beleid en dienste kan lewer wat tot voordeel van 'n florerende en groeiende landbousektor sal wees. ♣

WESSEL LEMMER SKUIF NA ABSA-LANDBOU

WESSEL LEMMER, 'n bekende landbou-ekonoom wat die afgelope jare deel van Graan SA se span was, het by Absa Agribesigheid aangesluit as bestuurder van landbou-inligting. Onder koringboere het hy vroeër bekendheid verwerf toe hy by Kaap Graan as handelaar in diens was en later as landbou-ekonoom by die departement van landbou op Elsenburg. 'n Deel van sy nuwe pligte by Absa Agribesigheid behels die ontleding en monitering van landboursiko's. ♣

ANDER LANDBOUGEWASSE:

Mielies beter voorbereid vir droogte

SUID-AFRIKA HET DIE tweede land geword waar mieliekultivars met inherente droogteverdraagsaamheid kommersieel beskikbaar gestel gaan word. Die uitvoerende raad van die GMO Wet van Suid-Afrika het voorwaardelike vrystelling verleen vir MON 87460 wat teen 2018 onder die handelsnaam DroughtGard® verkoop kan word. Met dié eienskap kan die mielieplant minder water tydens droogtestremming benodig, meer grondvog agterlaat en opbrengsverliese verminder.

Dit is volgens Kobus Steenekamp, besturende direkteur van Monsanto in Suid-Afrika, 'n groot stap vir landbou en vir alle boere. Die droogte-eienskap kan saam met bewerkingsmetodes baie voordelig vir waterbesparing wees. Monsanto kan nou voortgaan met navorsing en die droogte-eienskap met ander eienskappe kombineer.

Volgens beplanning kan mieliebasters met gekombineerde (opgestapelde) eienskappe van droogteverdraagsaamheid, insekbeskerming en onkruidbeheer teen die vierde kwartaal van 2018 kommersieel beskikbaar wees. DroughtGard sal onder Monsanto se lisensie vir alle saadmaatskappe beskikbaar wees sodat boere self 'n aankoopkeuse kan maak. ♣



ARC in partnership for Africa's food systems

Agricultural Research Council participates in a new initiative that explores African opportunities for sustainable food systems

Sustainable improvement of food and nutrition security and the livelihoods of African farmers are at issue when 23 African and European research partners collaborate on a long term research and innovation partnership. The focus is on sustainable intensification of the agro-food system in Africa.

Although the current food production systems have enabled a substantial increase in food production, the farming practices have also impacted the environment. In addition, many people still do not have enough to eat and cannot escape poverty.

These kinds of effects to the whole African Agro-food system will be included in the investigations as 23 research and innovation institutes from 21 countries collaborate in this new initiative, called PROIntensAfrica. The project kicked off with a workshop in Accra, Ghana, in April 2015. The project will develop into the IntensAfrica programme within two years.

"This is an excellent opportunity to contribute to the sustainable intensification of food and nutrition security in the continent and provides fertile ground for revitalising Africa's own research efforts in solving the global challenge of food and nutrition security," says Dr Shadrack Moephuli of the Agricultural Research Council.

The initiative starts off in a situation where many routes towards sustainable food systems have already been advocated in literature. However, the difficulty of sustainable intensification lies in each food system's requirement to meet their specific supply and demand. As such, high input farming might be suitable for a specific region while organic farming is more suitable for another region.

The PROIntensAfrica initiative will go beyond the debate of best systems for sustainable intensification in Africa. It will combine elements of different systems, yielding into innovative systems to optimally meet specific requirements.

Pooling African and European research resources is perceived as the best way to align existing research and instigate new research initiatives. Also, joint programming is one of the main instruments of the European Commission to accomplish more synergy and increase the effectiveness of resources.

The ambition of PROIntensAfrica's is to formulate a universal research agenda and co-develop mechanisms for an effective long term partnership.

Consultation, case studies and stakeholder panel workshops are a major part of the activities of PROIntensAfrica. A wide range of strategic stakeholders will be invited to contribute to the activities and the agenda. ♣

IMPROVE 250 SC

Verhoog opbrengs met effektiewe swambeheer.

IMPROVE is 'n hoogs doeltreffende swamdoder met 'n unieke sistemiese werking vir die beheer van 'n wye reeks swamsiektes in koring en verskeie kleingraan. Die unieke formulering van IMPROVE bevat asoksistrobien (*strobilurien*) en epoksikonasool (*triasool*) wat superieure beheer lewer in die beheer van stamroes (*Puccinia graminis*), poeieragtige meeldou (*Erysiphe graminis*) en bruinroes (*Puccinia triticina*) op koring.

IMPROVE voeg superieure waarde toe vir die produsent!

- IMPROVE verseker uitstekende siektebeheer op verskeie gewasse.
- IMPROVE lewer optimale opbrengsverhoging deur bykomende fisiologiese effekte.
- IMPROVE se twee unieke kombinasie bestanddele bied uitstekende weerstandsvermoë teen potensiële swamdruk.
- IMPROVE vorm 'n integrale deel van 'n effektiewe swamdoder program.

IMPROVE 250 SC
- stel gerus dié swamdoder op die proef!

IMPROVE 250 SC Reg nr L9311, bevat asoksistrobien 125 g/l en epoksikonasool 125 g/l (Versigtig). Registrasiehouer: Villa Crop Protection (Pty) Ltd. Mpy. reg. nr. 1992/002474/07, Posbus 10413, Aston Manor, 1630 | Tel. (011) 396-2233

Kontak jou plaaslike landbouchemiese raadgewer

Villa Crop Protection (Pty) Ltd | Reg nr 1992/002474/07

Hoofkantoor: Botesweg 65, Glen Marais, Kempton Park, Suid-Afrika | Tel: (+27 11) 396 2233 | Tel: (+27 87) 740 3490 | Faks: (+27 86) 677 3175

Kempton Park depot: Friedweg 69, Glen Marais, 1619 | Tel: (+27 11) 396 2233 | Tel: (+27 87) 740 3490 | Faks: (+27 11) 396 1943

Kaap depot: Marchandstraat 3, Wellington, 7655 | Tel: (+27 21) 873 6892 | Faks: (+27 21) 873 6173

www.villacrop.co.za



Are energy prices cutting into your bottom line?



Effectively manage the price risk of rising or falling fuel prices with Diesel Hedge Futures and Options.

COMMODITY DERIVATIVES

Diesel Hedge

The Diesel Hedge gives you exposure to an efficient hedge for the local diesel pump prices by tracking an international reference market. Now you can ride the fuel price waves with confidence. Talk to us and find out how.

011 520 7000 | commodities@jse.co.za
www.jse.co.za



Johannesburg
Stock Exchange